Die O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 2 Junie 1948 No. 28

# AFRIKANERPARTY GEE DEURSLAG

**Volgende op die neerlaag van die regering in die algemene verkiesing, het veldm. Smuts, wat vir die afgelope nege jaar Eerste Minister van die Unie was, sy bedanking as Eerste Minister en die bedanking van die regering by die Goewerneur-generaal ingedien.**

Dr. D. F. Malan, leier van die H.N.P., is reeds deur die Goewerneur-generaal na Pretoria ontbied waar hy formeel versoek sal word om 'n regering saam te stel. Na verwagting sal die nuwe nasionale kabinet bestaande uit lede van die H.N.P. en lede van die A.P., hierdie week nog aangekondig word.

Mnr. Havenga verkeer tans in die posisie dat hy die magsewewig in die nuwe koalisie-regering het. Sonder sy party se nege lede kan dr. Malan nie regeer nie.

# „ONS GAAN MEKAAR NODIG KRY" — K.G.

**„Die na-oorlogse reaksie het die Noodregulasie-regering weggeveeg met spontane opwelling wat vriend en vyand verras het. Die manne wat bykans tien jaar lank haantjie gekraai het op alles wat republikeins en Afrikaans is, en wat volksgenote by die honderde in kampe en polisieselle gegooi het sonder aanklag of verhoor, hierdie manne staan vandag verbysterd en aanskou hoe hul ure in die magsposisie getel is," lui 'n verklaring van die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, na aanleiding van die verkiesing van 1948.**

**Die verklaring lui voorts:**

**Onteenseglik het die swaarste van daardie tien jaar se teistering op die manne en vroue van die Ossewabrandwag geval en diegene wat nog in tronke versmag. Watter ander vroue moes sonder manne en broodwinnaar die bange dae tegemoet sien?**

**En tog was dit die lede van die Ossewabrandwag slegs ten dele gegun om aan die verkiesingstryd deel te neem. Slegs in die tien Afrikanerparty-kiesafdelings en in sowat dertig tot veertig H.N.P. - kiesafdelings waar die kandidate en besture ons as volwaardige wapenbroers verwelkom het. In daardie gevegte het die Ossewabrandwag homself met alle krag ingewerp en ook tot die oorwinning bygedra; ook in Brakpan waar John Vorster sonder amptelike steun van partye, maar met vasberade hulp van alle Afrikaners, die Adjunk-speaker se meerderheid van omstreeks sewentienhonderd afgebring het tot 'n skrale getal!**

**SAMEWERKING**

Die versoenende houding van die Afrikanerparty en sy leier verseker aan hulle ook die na-eleksie-steun van die Ossewabrandwag. Aan ons H.N.P.-broers in kiesafdelings waar ons voor die verkiesing samewerking bereik het, wil ons sê dat ons op hul erewoordelike versekering ons heelhartig in die stryd gewerp het. **Ons deel in hul dankbaarheid waar hulle geseëvier het; waar hulle die paal nie gehaal het nie, daar sê**



Die K.G., dr. Hans van Rensburg

**ons saam met hulle: „Volgende keer broer!"**

**NOG STERK**

**Die teenstander is nie vernietig nie, hy is maar net verslaan en dit ter nouer nood. Almal wat glo in blanke Suid-Afrika se toekoms gaan mekaar nodig kry, ongeag of hulle O.B. of A.P. of H.N.P. of iets anders is; ongeag of hulle Afrikaans of Engels praat. Die ware stryd lê nog voor en alle pogings moet aangewend word om onnodige breuke te heel. Die Ossewabrandwag hoef in elke eerbare sodanige poging nie vér gesoek te word nie.**

# PLAASLIKE VREDES HET OORWINNING BESORG

**Buite alle twyfel kan vasgestel word dat samewerking met die Ossewabrandwag deurslaggewend was in MINSTENS tien setels. In nege van hierdie kiesafdelings is samewerking moontlik gemaak deurdat die kandidate plaaslike ooreenkomste met die Ossewabrandwag aangegaan het, terwyl in 'n tiende, naamlik Newcastle, samewerking was uit hoofde van die feit dat in Natal 'n beter gevoel tussen die twee organisasies bestaan as in die ander provinsies waar op die jongste kongresse diskriminerende besluite teen die O.B. geneem is.**

**Albei die ministers wat verslaan is, het in kiesafdelings gestaan, naamlik Standerton en Bredasdorp, waar plaaslike ooreenkomste met die O.B. aangegaan is. Die O.B.-stem was deurslaggewend.**

Die tien setels waar die meerderhede in vergelyking met die O.B.-getalle so gering is dat sonder samewerking daar geen oorwinning sou gewees het nie, is, met hul meerderhede:

Barberton (W. H. Faure) 639.

Losberg (G. P. Brits) 461.

Marico (D. C. S. Grobler) 338.

Pretoria-Sentraal (D. J. G. v. d. Heever) 507.

Pretoria-Wes (D. P. van Heerden) 139.

Standerton (W. C. du Plessis) 224.

Bredasdorp (D. C. Uys) 259.

Gordonia (J. H. Conradie) 1,344 (in hierdie kiesafdeling is 1,500 aktiewe, stemgeregtigde O.B.'s onder model-dissipline).

Paarl (P. J. Hugo) 367.

**BESLISSEND**

**Dit beteken dat indien die K.G. met sy beleid van plaaslike vredes by gebrek aan iets beters, nie die deur vir hierdie kandidate oopgemaak het nie, die nasionale kombinasie nie aan bewind sou kon gekom het nie. Met nege setels minder sou hulle 70 teenoor genl. Smuts se 83 gehad het.** Die verlies van selfs net drie van hierdie setels, by voorbeeld Paarl (367), Pretoria-Wes (139) en Bredasdorp (259) sou genl. Smuts in die meerderheid gestel het.

**Samewerking het nasionale Suid-Afrika hiervan gered. Albei Ministers wat verslaan is, is trouens deur samewerking gelig, en 'n derde, mnr. Mushet, is so naelskraap deur verenigde kragte verslaan in Vasco.**

Daar is besmoontlik ander setels waar die Ossewabrandwag-hulp ook deurslaggewend was, maar dit is minder onbetwisbaar.

**VERLOOR**

**Dan is daar 'n paar setels wat buite alle twyfel verloor is juis omdat die kandidate nie met die O.B. 'n ooreenkoms wou aangaan nie. Hierdie setels is:**

Alberton (dr. H. F. Verwoerd), uitgeval met 171.

Nigel (J. Steenkamp), uitgeval met 156.

Johannesburg-Wes (dr. G. E. N. Ross), uitgeval met 32.

**Met hierdie setels kon dr. Malan 'n meerderheid van 11 in die parlement gehad het, en saam met Brakpan 13.**

In Kaapland is Hottentots-Holland, 'n H.N.P.-setel, aan die Verenigde Party verloor. Die kandidaat het geen vrede gesluit nie.

**Die uitslag van die verkiesing onderstreep een belangrike feit wat vir ons almal tot nadenke moet stem, en dit is dat alle kragte nodig is om 'n Afrikaneroorwinning moontlik te maak. Sonder 'n baie groot mate van eenheid bestaan die gevaar dat die Afrikaner sy magsposisie sal moet afstaan aan vreemdes.**

# Dank Aan K.G.

**Die volgende telegram is aan die K.G. gestuur deur genl. Joubert van Kakamas:**


**Die Ossewabrandwag van Generaalskap A15 (Upington-Kakamas) bedank die K.G., dr. Hans van Rensburg, vir die leiding wat hy die afgelope tyd aan die Ossewabrandwag gegee het. Hulle wens ook mnr. N. C. Havenga van harte geluk met die prestasies wat sy party behaal het.**

# STAND VAN PARTYE

**Die finale stand van die partye wat setels in die volksraad verower het, is as volg. (Die stand van die partye in die vorige volksraad volg in hakies).**

| | | K.P. | O.V.S. | Tvl. | Natal |
|---|---|---|---|---|---|
| **H.N.P.** | 70 (49) | 26 (21) | 11 (13) | 32 (15) | 1 (0) |
| **A.P.** | 9 (0) | 2 (0) | 1 (0) | 4 (0) | 2 (0) |
| **V.P.** | 65 (89) | 27 (34) | 1 (1) | 26 (44) | 11 (10) |
| **Arbeiders** | 6 (6) | 0 (1) | 0 (0) | 4 (4) | 2 (2) |

Die H.N.P.-A.P. groep het dus 79 setels in die volksraad. Die V.P.-Arbeiders-groep het saam 71. Dit word aangeneem dat die drie naturelle verteenwoordigers (wat nie nou verkies is nie omdat hul dienstyd nog nie verstreke is nie) ook saam met die V.P. sal stem wat hom 'n totaal van 74 gee. As die Nasionale-Afrikanerparty groep dus die Speaker moet lewer, sal hulle 'n meerderheid van slegs vier stemme in die volksraad hê — 'n baie moeilike meerderheid om te regeer.



Dr. D. F. Malan . . . die nuwe Eerste Minister.



Dr. N. Diederichs, L.V. vir Randfontein, bring nuwe bloed in parlement.



Mnr. B. J. Vorster . . . hy het met twee stemme uitgeval.



Oud-minister P. van der Byl het uitgeval omdat Afrikaners saamgewerk het.



Mnr. N. C. Havenga . . . sy party hou die magsewewig in die koalisie.

# WAAROM BRAKPAN VERLOOR IS

**Ons wil dadelik erken dat 'n hele paar setels vir die Afrikanerdom verlore is weens die weiering van die O.B.-lede om, by gebrek aan plaaslike vredesluitings, in daardie kiesafdelings te stem. Maar daarby moet onthou word dat die O.B. buite stemming gebly het juis weens die feit dat dr. Malan nie sy party se steun aan mnr. John Vorster in Brakpan wou gee nie. Brakpan is dus die oorsprong van die jammerlike stryd tussen O.B. en H.N.P. in 'n verkiesing wat met eenheid van kragte gevoer kon gewees het.**

Dr. Malan het op grond van sekere kongresbesluite, volgens mnr. Havenga se verklarings te Hobhouse en Worcester, geweier om sy goedkeuring te heg aan die kandidatuur van mnr. Louis Bootha in Roodepoort en mnr. John Vorster in Brakpan — albei lede van die Afrikanerparty-hoofbestuur. (Dis opvallend dat hierdie twee setels die enigste van die 11 A.P.-setels was wat verloor is). **Die rede vir dr. Malan se weiering was dat hulle benewens A.P.-lede ook lid van die Ossewabrandwag is. Dr. Malan se verskoning was dat sy party nie met „Nasionaal-sosialiste" kan saamwerk nie — iets wat die O.B. ontken dat hy is.**

### STRUIKELBLOK

In die geval van Roodepoort is 'n tweede keuse as kandidaat benoem, maar aangesien mnr. Vorster so 'n besonder sterk kandidaat in Brakpan was, het mnr. Havenga na uitgerekte onderhandelings liewer afgesien van die setel as om dit met 'n swakkere kandidaat te probeer. **Mnr. Vorster het toe as 'n onafhanklike Afrikaner-partykandidaat in Brakpan gaan staan — slegs enkele dae voor nominasiedag. Intussen is kosbare organisasietyd daarmee heen, juis op 'n tydstip toe die aanvullende registrasie van kiesers plaasgevind het. Niemand het toe hierdie belangrike taak waargeneem nie, met die gevolg dat mnr. Vorster met dosyne ondersteuners gesit het wat nie op die lys was nie. Dit was sy eerste struikelblok.**

### AANKONDIGING

Die tweede was dat die H.N.P.-leiding na aanleiding van mnr. Vorster se voorneme om as onafhanklike A.P. te staan, in Die Trnasvaler van 15 April aangekondig het **„dat die organisasie van die H.N.P. in Brakpan nie aan die verkiesing kan deelneem nie. Die H.N.P. laat dit aan sy ondersteuners in Brakpan vry om elkeen in sy individuele hoedanigheid daar te handel en te stem volgens sy eie oordeel."**

### BUITE STEMMING

Ondanks hierdie aankondiging en dr. Malan se houding het feitlik alle plaaslike H.N.P.-lede hulle gewig agter mnr. Vorster ingewerp. **Dit spreek egter vanself dat daar ook individuele H.N.P.-lede was wat hul hoofleiding meer getrou was en geweier het om vir die „Nasionaal-sosialis" Vorster te stem. Die organiseerders van mnr. Vorster beskik dan ook oor bewyse van sulke H.N.P.-lede wat buite stemming gebly het.**

Die uitslag het getoon dat mnr. Vorster met 2 stemme uitgeval het.


# DIE KOPERSBOND BPK.

GROOTHANDELAARS

**KEEROMSTRAAT 52 - KAAPSTAD**

**FOON 3-0423 POSBUS 2120**

***DAMESROKSTOWWE:***

Ons bied aan 'n groot verskeidenheid van damesrokstowwe (Morokyn, Satyn, Gesponne stowwe, Katoenstowwe), rokke, gebleikte en ongebleikte linne, gordynstowwe, onderklere, kouse, pantoffels, kindersokkies, krameryе, ens., ens.

***HEMDE:***

Verder ook mans wit en gestreepte hemde, sporthemde, dasse, baadjies, onderklere, werksbroeke, kakiehemde, slaappakke, sokkies, ens., ens.

●

**Dit sal kleinhandelaars betaal om met ons in verbinding te tree, hetsy deur kontak met ons reisigers of andersins. Persoonlike besoeke sal op prys gestel word**

*Die Firma wie se voorrade nie op u rakke bly lê nie.*

**Verspreiders van TOOTAL fabrikate**


# AGTERGROND VAN O.B. SE HOUDING IN VERKIESING

**Saam met die Afrikanerdom juig ook die Ossewabrandwag in die oorwinning wat nasionale Suid-Afrika verlede week by die stembus behaal het. Ons kan sonder voorbehoud juig omdat die Ossewabrandwag, danksy die wyse leiding van sy leier, Hans van Rensburg, sy deel in die stryd — hoewel nie ten volle nie — kon neem sonder inboeting van sy oortuiging.**

Die Ossewabrandwag het in sy eenheidspogings sedert 1941, en veral in sy konkrete voorstelle van Januarie 1943 en Februarie 1945 baie duidelik gestel dat hy die nasionale partye as die parlementêre front van die Afrikanerdom wil aanvaar, en dat hy dan sy gewig agter daardie front sal inwerp sonder om setels vir homself te eis — ons sien ons taak op breër terrein as die bloot parlementêre.

Hierdie ideaal is gedeeltelik verwesenlik toe dr. Malan en mnr. Havenga mekaar verlede jaar gevind het. Dit sou, soos die K.G. dit op Stellenbosch gestel het, 'n voltooide sirkel van Afrikanereenheid gewees het indien die H.N.P. ook die hand van die Ossewabrandwag gevat het. **En om dit moontlik te maak het dr. Van Rensburg op 21 November verlede jaar te Paarl beklemtoon dat die O.B. die H.N.P. as bondgenoot in die verkiesingstryd aanvaar deur middel van die Afrikanerparty. Dit is gedoen ten spyte van bestaande maatreëls van vyandskap op daardie stadium van die kant van die H.N.P.-leiding.**

### BONDGENOOTSKAP

**Die Ossewabrandwag het die verkiesing dus tegemoet gegaan in die gees van 'n bondgenootskap met die verenigde nasionale opposisie as die parlementêre front. En niemand kon met groter verlange uitgesien het na die val van die „vyand in die Uniegebou" soos dr. Van Rensburg dit op die Paarl gestel het, as juis die Ossewabrandwag wat agt jaar lank te lye gehad het in tronke en kampe onder die hamer van die Smuts-bewind.**

Daarom was ons bereid om ons oë te sluit vir bestaande verskille met die H.N.P. en het ook ons blad in die maande daarna hom uitsluitend toegespits op kritiek teen die Smuts-bewind, en sy ideologie op die agtergrond gehou.

Ongelukkig het dr. Malan nie by sy vyandskap van 21 November 1947 gebly nie, maar het hy sy diskriminasie teen O.B.-lede oorgeplant op die Afrikanerparty wat vir groter volkseenheid staan. **O.B.-lede was, volgens dr. Malan se houding, onder die ooreenkoms verplig om vir H.N.P.-kandidate te stem, maar dr. Malan was nie bereid om onder dieselfde ooreenkoms sy mense te vra om vir 'n O.B. te stem wat as A.P.-kandidaat staan nie.**

### ONMOONTLIKE POSISIE

**Hierdie houding het die O.B. in 'n onmoontlike posisie geplaas.** Hy het vuriglik begeer om ontslae te raak van die Smuts-bewind — tot so 'n mate dat dr. Malan sy beleid van vyandskap juis op daardie begeerte gegrond het in die veronderstelling dat O.B.-lede tog maar vir hom sal stem. Die O.B. wou bitter graag deelneem aan die vernietiging van die Smutsbewind, saam in gelid met sy mede-Afrikaners in die H.N.P. **Maar hier skakel dr. Malan nou in Brakpan en Roodepoort deur 'n verdere positiewe stap van diskriminasie die O.B. geheel en al uit uit die stryd, en kon die O.B.-lid binne die A.P. alleen aan die stryd deelneem op gelyke voet met die kleurling: goed genoeg om te stem, maar nie goed genoeg om voor gestem te word nie.**

Die O.B. het voor 'n baie moeilike keuse gestaan: Hy moes kies tussen sy selfrespek en sy nasionale gevoel; tussen sy ideale en die nederlaag van die Smutsbewind.

### VERBROKKELING

Daar was ook ander oorwegings: Omdat dr. Malan, volgens ons oordeel, juis sy vyandskap teen die Ossewabrandwag handhaaf omdat hy glo dat die O.B. in elk geval vir hom sal stem, is daar van O.B.-kant gevoel dat **as hierdie proses van volksverbrokkeling, wat hom nou ook weer in Brakpan laat geld, gestuit moet word, moet en kan dit alleen in hierdie verkiesing gedoen word deur by dr. Malan die besef te laat posvat dat sy veronderstelling vals is. Het die Ossewabrandwag onvoorwaardelik gaan stem vir dr. Malan se kandidate, sou die Beweging en ander Afrikaners nooit weer 'n argument vir 'n vredesluiting teenoor dr. Malan gehad het nie. Hy sou daarmee bewys het dat hy geen faktor in die politiek is nie, en hy sou daarmee sy ideale van 'n partylose staat oorboord moes werp en verdwyn.**

### DEUR GEOPEN

Danksy die staatsmanskap van ons K.G. is die O.B. uit hierdie benarde keuse gered. Dr. Van Rensburg het besluit dat daar dan plaaslike vredes gesluit moet word waar die O.B. met behoud van selfrespek en oortuiging sy aandeel kon neem. **Danksy verder die ridderlike houding van 'n groot aantal H.N.P.-kandidate en plaaslike voormanne wie se Afrikanerskap by hulle swaarste geweeg het, kon in byna die helfte van die H.N.P.-kiesafdelings vredes gesluit word sodat die Afrikanerdom en op daardie plekke eensgesind en geesdriftig die stryd kon aanbind.** Vir sommige van hierdie manne was dit seker baie moeilik om dit te doen teen die uitdruklike versoek van hul leier, en daarom des te meer het die O.B. hom daar met die grootste inspanning agter hulle ingewerp.

**Byna dertig van hierdie kandidate wat vooraf vrede gesluit het, het ingekom. Saam met nege lede van die Afrikanerparty staan hulle dus as 'n magtige waarborg vir Afrikanersamewerking in die parlement. Hierdie manne het die beginsel aanvaar dat daar samewerking met behoud van identiteit en selfrespek kan en moet wees waar gemeenskaplike optrede noodsaaklik of moontlik is. Dit is 'n groot stap in die rigting van Afrikaner-grootheid — 'n grootheid wat beslis nie langer meer kon uitgebly het indien ons volk sy roeping as leier in Afrika wil aanvaar nie. Hulde aan hulle wat dit eerlik en opreg gedoen het! Hulle het dit vir ons moontlik gemaak om vandag saam te juig oor die oorwinning van nasionale Suid-Afrika.**

Aan die ander kant moet ons met leedwese erken dat etlike setels verlore gegaan het wat met samewerking gewen kon geword het. **Hierdie setels behoort 'n vingerwysing te wees dat in 'n stryd waar die O.B. se hulp welkom of noodsaaklik is, die vyandskap teen die Beweging minstens vir die duur van die gesamentlike stryd gestaak moet word. Dit het die bewys gelewer dat niemand tegelyk bondgenoot en vyand kan wees nie.**

Ons noem hierdie dinge nie om te verwyt nie. Dis nou die tyd om hande te vat, nie om te verwyt nie. Maar ons moet die feite gee en die redes waarom die O.B. 'n sekere houding ingeneem het. **LAAT ONS EGTER DIE GORDYN DAAROOR TREK, EN ONS VERHEUG OOR DIE AFRIKANER-OORWINNING WAARNA ONS ALMAL NEGE JAAR LANK GEWAG HET.**

# Vroue Hard Besig Met O.B.-Dag

**Met die wete dat dit vanjaar die tiende verjaardag van die Ossewabrandwag is, het die meeste O.B.-kommando's in Wes-Kaapland reeds aan die werk gespring om fondse vir O.B.-dag in te samel. Minstens twee afdelings maak reeds daarop aanspraak dat hulle al meer as £100 deur etes, gebak en op ander maniere verdien het.**

Skaars was O.B.-dag verlede jaar agter die rug of die vroue-eenhede van die Skiereiland en omgewing het weer aan die werk gespring. Die Papendorp-kommando onder leiding van komdte. A. M. Jeppe, bedien nog elke week etes, toebroodjies en ander geregte in die Vriendskapsentrum.

Ook die Tafelberg-Kommando onder komdte. A. C. Junghans is hard aan die werk. Hulle hou gereeld tee-aande waarop hulle handwerk doen en dit van die hand sit. Hulle bedien ook gebak in die Vriendskapsentrum en het gereelde bestellings wat hulle uitvoer. „As ons nie ons bedrag van verlede jaar gaan ewenaar nie, dan sal dit sekerlik meer wees," het komdte. Junghans verklaar.

Eenmaal in die maand bedien die Groote Schuur-kommando van komdte. A. M. Pienaar etes in die sentrum. Dit is reeds 'n vaste instelling.

Voorverlede Saterdag het die Christiaan de Wet-kommando 'n verkoping gehou om hul fondse te styf. Orals is die O.B.'s besig om te woel.

## Wol Behaal Hoë Prys

'n Nuwe rekordprys vir merinowol is verlede week in Port Elizabeth behaal. Ses bale A.M. wol is teen 68½d. per pond verkoop. Daar is ook verlede week geskiedenis gemaak toe 180 merino-ooie uit die distrik van Middelburg (Kaap) teen £5 stuk verkoop is.

## DIE O.B.-LEIERS

# GENL. D. VAN ROOY— LEIER VAN BOEREJEUG

**Wie hoofgeneraal Dirk van Rooy van Potchefstroom ken, weet dat die Ossewabrandwag geen beter leier vir die Boerejeug kon benoem het nie. Sy belangstelling in die Afrikanerjeug wat reeds dateer uit die jare voor die stigting van die Voortrekkerbeweging — waarin hy later 'n belangrike rol gespeel het — en sy beslis Calvinistiese lewensuitkyk, maak hom besonder bekwaam vir hierdie verantwoordelike betrekking in die leierkorps van die O.B.**

Genl. Van Rooy het reeds sy spore verdien in die Afrikaanse volkslewe en hom op verskeie terreine buitengewoon onderskei. As hoogleraar in Wiskunde aan die Potchefstroomse Universiteitskollege is hy besonder gewild weens sy nederigheid en sy vriendelikheid teenoor oud en jonk.

Dirk Jan van Rooy is gebore te Griekwastad op 18 September 1896 — die jaar van die Jameson-inval. Hy is die oudste seun van ds. J. A. van Rooy, emeritus predikant van die Gereformeerde Kerk. Sy moeder was 'n dogter van wyle ds. Dirk Postma, stigter van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

Genl. Dirk van Roory is dus gebore onder die Britse vlag, maar het kort daarna republikeinse burger geword, toe die gesin na Nylstroom vertrek het. Met die Anglo-Boere-oorlog was sy vader met genl. Beyers op kommando. Die gesin is deur die vyand op oop trokke gelaai en gedeporteer na Steynsburg, waar hulle by familielede mog tuisgaan.

### FLINK STUDENT

Na die oorlog is hulle weer terug na Nylstroom en later na Bethulie, waar Dirk op besonder jeugdige leeftyd gematrikuleer het. As wenner van die Robertson-beurs in die O.V.S. is hy na die destydse Greykollege — hy het toe nog kortbroek gedra en het homself die eerste ruk maar baie uit gevoel tussen sy medestudente.

Drie jaar later het hy egter die B.A. graad behaal in Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Natuurkunde.

In 1915 het hy begin skoolhou aan die Potchefstroomse Hoër Gimnasium. Hy was maar 18 jaar oud en die eerste jaar was die hele matriekklas ouer as hy! Onder sy oudskoliere tel proff. H. G. Stoker en H. G. Schultze, magistraat H. van der Walt en di. J. en T. Dreyer.

In 1923 het hy lektor geword in Wiskunde en Toegepaste Wiskunde aan die Potchefstroomse Universiteitskollege en later



Genl. Dirk van Rooy

professor. Intussen was hy ook 'n jaar lank student aan die destydse T.U.K. waar hy sy O1 afgelê het. Later het hy ook sy M.A.-graad in wiskunde behaal.

### NA BUITELAND

In 1934 het hy vertrek na Amsterdam waar hy binne ses maande tyd sy doktoraal in wiskunde afgelê het „summa cum lauda" onder die wêreldberoemde professor Brouwer. Hy het saam met mev. Van Rooy daarna Engeland, Skotland, Frankryk, België, Nederland, Duitsland, Switserland, Italië en Egipte besoek.

Hy stel besonder belang in jeugaktiwiteite. Hy was jarelank kommandant van die Potchefstroomse Voortrekkerbeweging. Met die Eeufees van 1938 het hy aan die hoof gestaan van die Transvaalse seunslaer in die Voortrekkerkamp te Pretoria en was een van die offisiere wat die fakkels bo na die hoeksteen geneem het op 16 Desember. Sy offisierskap het hy neergelê gedurende die oorlogsjare toe die polisie gedreig het om teen die Voortrekkerbeweging te diskrimineer omdat hulle kommandant so 'n sterk aanhanger van die Ossewabrandwag is.

### VELDKORNET

Intussen is hy aangestel as veldkornet van die destydse O.B.-jeugfront op Potchefstroom, later jeugkommandant, later jeughoofkommandant vir Wes-Transvaal sowel as hoofkommandant van Potchefstroom in opvolging van die geïnterneerde oudskolier prof. H. G. Stoker. En soos ons almal weet is Dirk van Rooy vandag Jeugleier en Voorsitter van die Grootraad.

In 1919 is hy in die huwelik bevestik met Corrie Moerdyk, suster van die welbekende argitek Gerard Moerdyk. Mev. van Rooy was gedurende die oorlogsjare kommandante in die Ossewabrandwag en moes besonder veel verrig in verband met die Noodhulpfonds aangesien talle Potchefstromers in hegtenis geneem en ook geïnterneer is. Hul buurman bv., 'n afstammeling van veldkt. „kwaai" Piet Bezuidenhout, welbekend weens die moleste met sy wa in 1881, was twee keer in die tronk en 'n geruime tyd in die interneringskamp.

Daar is drie seuns en een dogter. Die oudste seun is verbonde aan 'n groot Afrikaanse lewensversekeringsfirma te Kaapstad, die dogter was wiskunde-onderwyseres aan die Meisieskool Oranje, te Bloemfontein en is nou getroud. Die tweede seun is tans mediese dokter aan die Potchefstroomse hospitaal en die derde seun, Gerard Moerdyk van Rooy is student en jeugkommandant te Potchefstroom.

Genl. van Rooy was verder o.a. kaptein van die P.U.K. eerste voetbalspan en jarelank afrigter, lid van die Raad van die Akademie, Dekaan van die Fakulteit van die Natuurwetenskappe van die Universiteit van Suid-Afrika, lid van die hoofbestuur van die Reddingsdaadbond en diaken en ouderling in die Gereformeerde Kerk. Verder is hy nou huisvader van die losieshuise van die P.U.K. vir C.H.O.

Hy het vir hom as persoon geen ander ambisie as om maar homself aan sy wiskunde te wy. Sy politieke lewensideaal bly net: „Gebore onder die Britse vlag, wens ek nie daaronder te sterwe nie."

## Rusland se Atoombom

Rusland het die afgelope jaar meer as £300,000,000 aan die ontwikkeling van die atoombom bestee, volgens brig.-genl. Edwin Sibert van die Amerikaanse inligtingsdiens. Sowat 500 Duitse wetenskaplikes is hier werksaam. Hulle is ook besig om vuurpylwapens te maak en navorsing in hierdie verband vir die Russe te doen.

# DIE POSISIE OP STELLENBOSCH

Op Stellenbosch het heelwat verwarring op die dag van die verkiesing geheers weens die late verklaring van die kandidaat, mnr. Paul Roos, oor sy houding teenoor die Ossewabrandwag. O.B.-lede wat sy vergadering bygewoon het, het oor die algemeen sy verklaring aanvaar en gaan stem, terwyl andere wat nie daar was nie, òf in die duister verkeer het omdat Die Burger die verklaring nie gepubliseer het nie, òf skepties daarteenoor gestaan het omdat daar nie genoeg tyd was vir die offisiere om te beraadslaag en leiding te gee nie. Na verneem word het ver die meerderheid egter gaan stem.

### DIE VERKLARING

Mnr. Roos se verklaring het gelui dat hy samesprekings met O.B.-vriende gehad het en dat hy hulle verseker het van sy vriendskap teenoor die O.B. en sy bereidwilligheid om hom te beywer vir die uit-die-weg-ruiming van die geskille tussen die H.N.P. en die O.B. Verder het hy aan hulle (sy O.B.-vriende) gesê dat hy hom vir die stigting van 'n skakelkomitee sal beywer.

### MOEILIK

In verband met die verwarring wat ontstaan het op Stellenbosch, kan daarop gewys word dat in twee naburige kiesafdelings waar vroegtydig ooreenkomste aangegaan is, naamlik Paarl en Vasco, dit inspanning van die kant van offisiere gekos het om in sommige gevalle O.B.-lede te beweeg om te stem. In die geval van Vasco was daar 'n week ná die ooreenkoms nog mense wat bearbei moes word — so groot was hul verontwaardiging oor die gebeure op Brakpan. Uiteindelik het almal egter gestem, in meeste gevalle met geesdrif.


## Sodat Hulle Kan Weet

**Die verkiesing is verby en die stryd van die Ossewabrandwag gaan voort. Dit is nou die plig van elke Brandwag om toe te sien dat die buitestanders kennis neem van die standpunt van die Ossewabrandwag. Die O.B.-blad is die enigste medium waardeur die publiek in kennis gestel kan word van die standpunt en beleid van die Ossewabrandwag. Gee u blad aan u vriende om te lees en werf intekenare. Daardeur slaan u die mure van vooroordeel wat die vyand om ons opbou, plat.**

# VASCO SÊ DANKIE

**Mnr. B. J. J. van Rensburg, die kandidaat in Vasco wat teen die sterk minister J. W. Mushet gestaan het, en byna die onmoontlike reggekry het deur die regeringsmeerderheid van 1671 af te bring na 185, het versoek dat die O.B. sy dank jeens die Beweging vir die pragtige ondersteuning wat hy ontvang het, moet publiseer. Mnr. Van Rensburg sê dat die belangrikste saak wat hier gewen is, Afrikanersamewerking is. In Vasco het H.N.P. en O.B. mekaar gevind in 'n gemeenskaplike stryd en hulle gaan daardie samewerking vir die toekoms verseker. Talle O.B.-motors het die dag gehelp om stemme aan te ry. Die O.B.-hoofkommandant van Vasco, mnr. H. J. Steyn, wens ook sy dank uit te spreek vir die gewillige hulp wat hy ontvang het van alle O.B.'s in die kiesafdeling. Samewerking is hier moontlik gemaak deur die houding van die kandidaat en dit is op kragtige wyse beantwoord deur alle brandwagte.**


Slegs £20 bring u die



KLEINE WONDER

SEMENT-STEENMAAKMASJIEN

Maak volkome reghoekige, welgevormde sementstene op die plek waar u hulle nodig het. U sal tyd en geld spaar in vervoer, messel en pleister. Vier arbeiders kan 4,000 stene per dag maak. Die „KLEINE WONDER" kos slegs £20 v.o.s. Hopefield. Die onderstel kos £10 ekstra, maar enige stewige stellasie is vir hierdie doel geskik.

J. H. BUHR — Posbus 18 — Voortrekkerstraat - Hopefield — Telegramme: „BUHR"



EXCELSIOR Meubels BPK.

*Bied u u Huishoudelike Benodigdhede teen die Laagste Pryse aan.*

MAKLIKE VOORWAARDES WORD GEREËL

Besoek ons te:

| | |
|---|---|
| JOHANNESBURG | Pleinstraat 40 |
| PRETORIA | H/v Andries- en Pretoriusstrate |
| KAAPSTAD | Pleinstraat 47/49 |
| BLOEMFONTEIN | St. Andrewstraat 123 |
| KROONSTAD | Cross-straat 42 |
| VEREENIGING | Marklaan 17C |
| POTCHEFSTROOM | Kerkstraat 108 |
| FICKSBURG | Markplein |

In u eie keuse van materiaal teen slegs 15/- per week.



Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg

Stuur Gratis Katalogus

Naam ..............................

Adres ..............................

..............................

.............................. OB


**LESER,**

**U blad kan nie groter word sonder die ondersteuning van adverteerders nie, maar adverteerders kan nie adverteer sonder u ondersteuning nie. Noem dus Die O.B. wanneer u reageer op advertensies en gee voorkeur aan diegene wat u blad ondersteun.**

DIE O.B., WOENSDAG, 2 JUNIE 1948

# OORWINNING

Die uitslag van die verkiesing was vir vriend en vyand 'n verrassing. Nie genl. Smuts en ook nie dr. Malan het so 'n grondverskuiwing verwag nie. **Ons sal dus as volk moet erken dat die oorwinning uit Hoër Hand aan ons gegee is ten spyte van onsself. Dit het gekom ten spyte van dr. Malan deur wie se optrede 'n setel soos Brakpan regstreeks verlore gegaan het met twee stemme, en dit het gekom ten spyte van die Ossewabrandwag deur wie se toedoen 'n hele paar setels verlore is — hoewel die aantal wat deur sy toedoen gewen is, gelukkig meer is.**

Die verkiesing is ingegaan in 'n dampkring van kleinlike vooroordele en maneuvrering. In Afrikanergelede het 'n beskamende onderlinge stryd geheers oor dinge wat by die algemene patroon van die verkiesing nie ingepas het nie. Maar sekere faktore aan menslike kant het bygedra om ten spyte van hierdie wanhopige toestand 'n gewisse nederlaag tot 'n oorwinning om te skep. Ons wil hulle dankbaar erken. **In die eerste plaas dank ons ons K.G., dr. Hans van Rensburg, wat ongetwyfeld die grootste bydrae gelewer het om 'n bres te slaan in 'n byna ondeurdringbare front wat oorwinning onmoontlik gemaak het. Toe O.B.-lede dwarsdeur die land in spontane reaksie teen dr. Malan se geopenbaarde vyandskap in Brakpan verbitterd besluit het om nie te stem nie, het dr. Van Rensburg die deur oopgemaak met sy beleid van plaaslike vredes. Meer as dertig sulke vredes is gesluit en in minstens agt daarvan het die O.B.-stem buite alle twyfel die deurslag gegee. Sonder hierdie vredes was daar geen oorwinning vir dr. Malan nie.**

## MNR. HAVENGA

Groot dank kom ook toe mnr. N. C. Havenga wat in die mees tergende omstandighede met byna bomenslike selfbeheersing afgestuur het op sy doelwit van Afrikanersamewerking. **Sonder vrees oor wat sy vyande mag sê het mnr. Havenga sy party se deur oopgegooi vir mede-Afrikaners met wie hy ideologies verskil, maar ten opsigte van wie se Afrikanerskap hy geen twyfel koester nie. En sy beloning het mnr. Havenga ontvang toe hy in rooi Natal ten spyte van sy assosiasie met die Ossewabrandwag twee klinkende oorwinnings behaal het. Daarmee, hoop ons, het ook die vrees by diegene gewyk wat meen dat die Ossewabrandwag die paaiboelie is wat teen enige koste vermy moet word waar Engelse geselskap gesoek word. Indien dit nog nie voldoende is nie, behoort Brakpan alle twyfel hieroor finaal uit die weg te ruim waar 'n oud-geïnterneerde O.B.-generaal die Adjunkspeaker se meerderheid van 1679 laat daal het tot 'n skamele 2 — ten spyte van die groot strukelblokke wat hom deur mede-Afrikaners in die pad gelê is.**

Dank kom ook toe aan daardie tientalle H.N.P.-kandidate wat groot genoeg was om die hand van hul mede-Afrikaners in die Ossewabrandwag te vat in 'n gemeenskaplike stryd. **In meer as dertig kiesafdelings het ons volk sy krag in eenheid gevind — nog op losse voet, maar gemobiliseer vir gesamentlike optrede. Die fondament is deur hulle gelê vir 'n nuwe gees van erkentlikheid en samewerking waaruit groter dinge gebore kan word.**

## TRANSVAAL

Daar is nog iets wat vermelding verdien. Ten spyte van sy vereenselwiging deur die Transvaalse H.N.P.-dagbestuur met dr. Malan se vyandige houding teenoor mnr. John Vorster, het 'n nuwe gees hom in die Transvaalse H.N.P. geopenbaar wat soos groen botsels na die winter beloftes inhou. **Hulle het naamlik uitgebreek bo die tradisionele partypolitieke kors van baantjieskap waar kandidature die beloning van lojale agterryers is en tevoorskyn gekom met 'n reeks eersterangse kandidate wat die respek van elke Afrikaner wegdra — manne wat by voorbaat al verseker was van almal se steun. Met so 'n kandidaat is daarin geslaag om die reus genl. J. C. Smuts in Standertom te laat val.** Die blote feit dat twee oud-geïnterneerdes in die Transvaalse span trek, is verder genoegsame bewys van hierdie nuwe gees wat in Transvaal opgestaan het en wat dan ook so 'n ryke oes ingesamel het — **'n aanwins van sewentien setels teenoor by voorbeeld die vyf in Kaapland!**

Laat ons hoop dat hierdie verskynsels die botsels is van 'n nuwe gees van Afrikaner-konsolidariteit wat hom op 'n breër volksbasis sal voortplant. **En as daarby die lesse van hierdie verkiesing, soos weerspieël in Brakpan en Alberton, ter harte geneem word, sal 26 Mei hom van vorige verkiesings miskien daarin onderskei dat dit die fondament gelê het vir die groter nasionale eenheid wat uiteindelik ook die Engelssprekende Suid-Afrikaner sal omarm wat nou met 'n ietwat skokkende ontnugtering deur die geskiedenis in die skoot van Suid-Afrika gegooi word. Gemeenskaplike gevare waarvan hy bewus word en die stuiptrekkinge van 'n sterwende moederland oorsee, maak hom ryp vir opname in die Afrikanerdom. Maar hiervoor is nodig dat die Afrikaner groot sal wees in die eerste plaas teenoor homself. Alleen wanneer ons kan uitstyg bo die kinderagtige familiegekyf kan die Engelssprekende se selfrespek hom toelaat om in ons huis te kom woon.**

# Tsjeggo-Slowakye Neem Russiese Patroon

**Nieteenstaande die felle onderdrukking van die openbare mening in Tsjeggo-Slowakye en die feit dat die Kommunistiese regering voorgee dat die grootste deel van die volk vierkantig agter hom staan, toon die werklike toedrag van sake in Tsjeggo-Slowakye 'n heel ander prentjie, volgens 'n waarnemer van Review of World Affairs berig.**

In Praag, so berig die waarnemer, gaan die lewe in baie opsigte nog sy gewone gang, maar Bratislava en Slovakye toon 'n heel ander prentjie. Daar word die volk openlik onderdruk deur massa-arrestasies en al die maniere wat 'n diktatuur aanwend om sy mag te laat geld. Anders as in Praag word die mure in die stede snags bekrap met anti-Kommunistiese slagkrete. In die grootste deel van die land heers daar 'n atmosfeer soos in 'n land wat deur die vyand beset word.

Die posisie van pres. Benesj, wat deur die volk beskuldig word van saam met die Kommuniste te speel, is nominaal. Hy is ernstig siek en sy dokters twyfel of hy dit sal maak. Volgens die jongste berigte oorweeg hy dit reeds om sy bedanking in te dien.

## ROOI WERKTUIG

Die moontlike opvolger van Benesj is die sosialistiese leier, Zdener, 'n werktuig in die hand van Moskou. As hy benoem word tot president sal hy bloot 'n poppefiguur wees aangesien die werklike gesag in die hande van die Kommuniste Gottwald, Slanski, Svoboda en Nejedli berus.

Van hierdie drie is Slanski die grootste vertroueling van Moskou, terwyl hy taamlik onbekend is in sy eie land. Hy is ook die sekretaris-generaal van die Kommunistiese Party in Tsjeggo-Slowakye.

## GESKOOLD

Die eerste minister, Gottwald, is 'n verbete Kommunis en is 55 jaar oud. Sewe-en-twintig jaar hiervan het hy in diens van die kommunisme deurgebring. Hy is in Moravia gebore en het gedurende die Eerste Wêreldoorlog aan die kant van die Oostenrykse leër geveg. Reeds in 1913 het hy by die Sosialistiese Party aangesluit maar hy het dadelik met die kommuniste begin heul en teen 1921 was hy voltyds in diens van die Kommuniste. Nadat hy lid geword het van die parlement het hy dadelik die aandag van die Kremlin getrek. Na die Muancken-ooreenkoms is hy na Moskou vanwaar hy 'n aansienlike aandeel geneem het in die beheer van die kommunistiese aktiwiteite in Tsjeggo-Slowakye.

## STALIN SE AAP

Hy is 'n slaafse volgeling van Stalin en haal graag uit sy meester se werke aan. Hy dra gewone klere maar verkies om 'n pet, soortgelyk aan die van Stalin, te dra.

Die hele landsadministrasie word tans gekenmerk deur 'n periode van oorgang. **In teorie is dit die sogenaamde Nasionale Front wat die land regeer maar in werklikheid is dit die kommunistiese aksiekomitees wat die deurslag gee. Kommuniste het gesorg dat hulle die meerderheid op hierdie komitees het en die nie-Kommunistiese lede word eenvoudig verplig om mede-verantwoordelikheid te aanvaar vir die dade van die Kommuniste.** Die groot taak van die aksiekomitees is om alle weerstand teen die regering uit die weg te ruim en hulle tree op onder leiding van die sentrale aksiekomitee en die minister van Justisie.

**Stadig maar seker word die land se nywerhede genasionaliseer en ingeskakel by die Russies beheerde blok. Die nywerhede word ook ingeskakel by die Russiese vyfjaarplanne, terwyl alles gedoen word om kontak met die Weste te vernietig.**

# Neurenbergse Regter Neem Oor Van Beskuldigde

**Die praktyk van Buchenwald — waarvoor Duitse leiers deur die Geallieerdes na die galg gestuur is — word tans deur Rusland, een van die regters, op veel afgrysliker wyse as wat in die beskuldigings vervat was, in dieselfde kamp voortgesit. Op die oomblik is daar sowat 12,000 teenstanders van die Russe in hierdie kamp wat onder die mees haglike omstandighede leef, na 'n waarnemer van die gesaghebbende blad, „Review of World Affairs," berig.**

Buchenwald is geleë in Russies-Duitsland en die meeste van die gevangenes is diegene wat teenstanders is van die Russiese-beheerde Sosialistiese Duitse Eenheidsparty. Baie van hulle word net tydelik daar gehuisves voordat hulle na Rusland vervoer word. Weekliks word tussen 400 en 600 van hierdie ongelukkiges na Rusland verwyder, terwyl daar weekliks tussen 800 en 1,200 persone in die kamp afgelaai word.

Die wagte van die kamp bestaan hoofsaaklik uit Russe maar ook uit ander getroue volgelinge van die Kommuniste.

## OORBEVOLK

**Daar is 'n geweldige oorbevolking in die kamp en tweederde van die inwoners is verplig om op die kaal aarde te slaap. Die daaglikse rantsoene bestaan uit 500 gram brood (ongeveer 16 onse) 1 liter soep en 'n bietjie nagemaakte koffie. Daarby word hulle verplig om van 12 tot veertien uur op hierdie hongerrantsoen te werk.** Die klere en die behuising is presies dieselfde as tydens die Duitse bewind, verklaar die blad.

„Nie 'n enkele van die gevangenes is sonder luise of weeluise nie. Die vrouens dra mansklere en hulle hare is kort gesny. Die Russiese wagte bring die meeste nagte dronk in die vrouekwartiere deur en die jonger vroue word tot hulle beskikking gestel . . . Selfmoord en arbitrêre teregstellings is aan die orde van die dag."

# Kry 3d. Uit Op 150 Sakke Bone

**Aan watter gebreke ons bemarkingstelsel mank gaan, is die afgelope dae weer opnuut gedemonstreer deur 'n ramp wat 'n Breërivierse groenteboer getref het. Hy het sowat veertien dae gelede 150 sakke groenboontjies na die Kaapse mark gestuur waar dit verkoop is. Hiervoor het hy nadat die onkoste afgetrek is, 'n tjek vir 3d. ontvang. Die gemiddelde prys van boontjies in die kleinhandel was daardie week 7d. per pond in die stad.**

Hierdie boontjies is dus teen 'n buitensporige lae prys van die hand gesit terwyl die groenteventers in Kaapstad dit teen 5d. tot 7d. per pond aan huisvrouens verkoop het.

Aangesien die reis vanaf Breërivier tot in Kaapstad maar enkele ure duur, bestaan daar geen rede om te twyfel aan die varsheid en goeie gehalte van die boontjies nie.

# MOONTLIK NOG 'N VERKIESING

**Hoewel die nasionale bewind vir elke Afrikaner 'n bron van geesdrif was, is daar baie struikelblokke in die pad van die regering indien dr. Malan besluit om te regeer. In die eerste plaas is die meerderheid van vier baie onveilig vir bestendige regering. In die tweede plaas het die Verenigde Party 'n meerderheid in die senaat sodat die regering van die opposisie afhanklik sal wees vir die passering van wetgewing.** Soos die verteenwoordiging in die parlement en provinsiale rade tans staan — wat die kieskollege vorm vir die kiesing van die provinsiale senatore — kan die senaat ook nie in 'n meerderheid omskep word indien dit ontbind word nie.

**Dit skyn dus of dr. Malan vroeër of later gedwonge sal wees om weer na die stembus te gaan in die hoop dat hy 'n groter meerderheid sal kry. Dr. Malan se taak is beslis geen maklike nie.**

# INHOUD VAN OOREENKOMSTE

**Onderstaande verklarings of ooreenkomste is òf in die H.N.P.-pers deur die kandidate aangekondig of plaaslik onderteken na wedersydse bespreking.**

### MNR. WARREN

**Die volgende twee ooreenkomste in die kiesafdeling Swellendam is deur die H.N.P. en die O.B. aangegaan:**

„Met die oog op die gevare wat ons volk bedreig voel ons dat dit gebiedend noodsaaklik is dat elke nasionaalgesinde stem teen die huidige bewind uitgebring sal word, daarom voel ons verder dat dit gebiedend noodsaaklik is dat alle misverstand tussen Afrikaners en Afrikanerorganisasies uit die weg behoort geruim te word en dat alle kwetsende en steurende besluite en maatreëls teen mekaar herroep behoort te word en ons sal ons vir sulke herroeping beywer.

„Ons onderneem gevolglik wederkerig om elke poging aan te wend om mekaar te steun en te help op hierdie pad en in diens van die Afrikanervolk mekaar te vind en hartlike samewerking te bewerkstellig.

„Aldus gedaan en onderteken te Riversdal, op hierdie 22e dag van Mei 1948.

„**Namens die H.N.P.:** J. H. Stegmann, Voorsitter, H.N.P.

„**Namens die Ossewabrandwag:** J. Ras. Kommandant.

„**Kandidaat:** S. E. Warren".

**Op Barrydale is die volgende ooreenkoms aangegaan:**

„Die Herenigde Nasionale Party, die Afrikanerparty en die Ossewabrandwag in Barrydale, gedeelte van die kiesafdeling Swellendam, besluit om voortaan as aparte groepe saam te werk op elke terrein waar dit hul gemeenskaplike belange geld en waar hulle mag verskil besluit hulle om in liefde van mekaar te verskil.

Aangesien die belange van ons volk in die komende verkiesing op die spel is, sal hulle as aparte organisasies hartlik saamwerk soos dit Afrikaners betaam.

„Met die oog op samewerking op terreine van gemeenskaplike belang sal daar 'n skakelkomitee in die lewe geroep word."

Onderteken deur:
J. S. Potgieter, H.N.P.
S. W. le Roux, A.P.
S. W. Joebert, O.B.
S. E. Warren, Kandidaat.

## *Dr. Dönges se Verklaring*

Dr. T. E. Dönges, L.V. vir Worcester, het verlede Dinsdag voor die algemene verkiesing, die volgende verklaring gedoen:

„Ek nooi die Ossewabrandwag die Nuwe Orde en alle ander groepe, sowel as persone wat aan geen groep behoort nie, wat saam voel met die Nasionale Party se strewe om 'n blanke Suid-Afrika te bestendig, om vir hierdie doel saam te stry op 26 Mei en daarna.

„Almal wat die uitnodiging aanvaar sal natuurlik as gelykwaardige medestryders in hierdie gewigtige stryd erken word.

# *Baie O.B's. Het Gaan Help*

**In die kiesafdelings waar die H.N.P.-kandidate vrede met die Ossewabrandwag gesluit het, het die O.B.-lede verlede Woensdag hulle volle gewig ingewerp in die stryd.**

Omdat die H.N.P.-kandidate van Malmesbury, Parow en Hottentots-Holland geweier het om vrede te sluit, het talle Brandwagte in daardie kiesafdelings met hul motors na die Paarl en Vasco, waar ooreenkomste aangegaan is, gery en kiesers na die stembusse aangery. Vyf O.B.-motors uit Malmesbury het in Vasco kom help terwyl ander motors uit Malmesbury in die Paarl gan help het.

O.B.'s van Tiervlei en Constantia het ook hulle motors beskikbaar gestel vir Vasco.

O.B.-lede het nie gewag dat hul aangery moes word nie, maar self gaan stem. O.B.-offisiere in Vasco het selfs opgetree as binne-agente vir die H.N.P.-kandidaat, mnr. Ben van Rensburg, wat vrede met die O.B. gesluit het.

Hierdie optrede van die O.B. het opnuut onderstreep dat hulle bereid is om hul steun te verleen as die stryd teen hulle gestaak word.

## Dr. Stals se Verklaring

Dr. A. J. Stals, L.V. vir Ceres het op die vooraand van die verkiesing 'n beroep op die Ossewabrandwag gedoen om vir hom te stem. Hy het verklaar dat hy nog nooit in die verlede in die broederstryd tussen die H.N.P. en die O.B. ingemeng het nie maar sy onverdeelde aandag aan die volksvyande geskenk het. Wat die toekoms betref het hy (dr. Stals) ook geen voorneme om die Ossewabrandwag te bekamp nie.

## *STERK VREDE ONDERTEKEN OP REITZ*

Die ooreenkoms tussen kol. J. L. B. Döhne, H.N.P.-kandidaat vir die kiesafdeling Frankfort, en die O.B. te Reitz, lui as volg:

„(1) Ek die ondergetekende, amptelike kandidaat van die H.N.P. met die aanstaande Volksraadverkiesing, wat op 26 Mei e.k. staan gehou te word, **onderneem om openlik en publiek op my vergaderings, my erewoord te gee, dat ek voortaan gekant is teen diskriminasie teen die O.B., en ek onderneem voorts om my voortaan openlik te beywer om daardie diskriminasie verwyder te kry.**

„(2) Met die oog op bogemelde onderneming, verklaar die ondergetekende offisier van die O.B. dat die houding van bogemelde kandidaat ten seerste waardeer word en onder die aandag van elke lid van die Beweging in die distrik Reitz gebring sal word met die dringende aanbeveling dat sy kandidatuur op 26 Mei e.k. die volste ondersteuning van elke sodanige lid moet geniet.

„Onderteken te Reitz op 18 Mei 1948. J. J. B. Döhne, Kandidaat van die H.N.P., J. G. de Jager, Hoofkommandant van die Ossewabrandwag".

## GORDONIA

**Die volgende ooreenkoms tussen die H.N.P. en die O.B. in die kiesafdeling Gordonia is op 24 Mei 1948 op Keimoes onderteken:**

„Ons, die ondergetekende leiers van die O.B. en die H.N.P. in Gordonia kom ooreen om 'n plaaslike vrede te sluit en onderskryf die volgende:

„1. Om in alle plaaslike aangeleenthede saam te werk;

„2. Om ons te beywer om die stryd tussen genoemde organisasies te beëindig;

„3. Aangesien die laaste verklaring van dr. Malan en mnr. Havenga bepaal dat alle onafhanklike kandidate wat die kleurbeleid van die H.N.P. en die Afrikanerparty ondersteun, deur die lede van die twee partye heelhartig ondersteun moet word, beskou ons dat in die geval Brakpan afgesien is van diskriminasie en onderneem ons om in die toekoms diskriminasie teen te werk.

„**Geteken Namens H.N.P.:** M. J. Davidtz, J. J. Henning, E. J. Conradie.

„**Geteken namens die O.B.:** J. A. Strauss, A. M. Joubert, A. C. van Aarde.

„**Kandidaat:** J. H. Conradie."

## Nege Jaar Laas Geëet Sê Hulle

Opspraak is in Sjina en elders veroorsaak toe dit bekend geword het dat 'n Sjinese meisie, na bewering, nege jaar laas iets geëet het. Sy is nou in 'n hospitaal onder toesig van 'n dokter en in die tyd wat sy daar is, het sy nog niks anders as water gedrink nie en skyn verder heeltemal normaal te wees. Sy is 20 jaar oud en in alle opsigte normaal behalwe dat sy nie sou eet nie.

Sy verklaar dat sy nege jaar gelede siek was en toe Sjinese medisyne gedrink het. Sedertdien het sy nog nie weer geëet nie, en kry sy ook nie lus vir kos nie.

# Verklaring Van Mnr. Potgieter

Onderstaande verklaring is deur die H.N.P.-kandidaat van Brits, mnr. J. E. Potgieter gedoen by geleentheid van 'n vergadering te Brits op 22 Mei:

„Van die O.B.-offisiere het na my gekom en versoek dat ons saamstaan. Die Afrikaner kan jy nie dryf nie, hy moet gelei word. Ons wil saamwerk, nie baklei nie. Albei mag vernietig raak. As 'n man 'n fout erken dan is hy groot. Ek erken ek het al foute gemaak, maar ek was jonk. **Ek het die hand aan die O.B. gegee en ek verwag nie dat die O.B. hulle identiteit moet prysgee nie . . . Die O.B. het een tree na my kant toe gegee, en ek sal nege na hulle gee. Ons sal mekaar so lief kry in hierdie stryd en nooit weer uit mekaar gaan nie. Ek sal in die toekoms my talente wy aan Afrikanereenheid. Ek het die swaard in die skede gedruk en die stryd is hier op 'n end en ek sal goed praat van die O.B. en hulle van my. Ek waardeer die O.B. se houding. Ons sal saamwerk en mekaar se hande nie weer loslaat nie."**

## *SERUM WAT KANKER ALLIG GENEES*

Dr. Maxwell Maltz, 'n bekende Amerikaanse geneesheer het 'n serum uit die menslike liggaam ontwikkel wat die groei van kankerweefsel in muise teenwerk. Dit is nog nie seker of dit kanker kan genees nie maar dit is seker dat dit die groei daarvan vertraag.

In vyftig persent van die gevalle wat met die serum ingespuit is, is die kanker genees terwyl daar in al die gevalle vertraging ingetree het. In sommige gevalle is sestig persent van die gevalle heeltemal genees.

## Noodhulpfonds In April


Onderstaande bydraes vir April tot die Noodhulpfonds word met dank erken.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gebied A ... ... ... | £5 | 9 | 0 |
| Gebied B ... ... ... | 5 | 0 | 9 |
| Gebied C ... ... ... | 17 | 3 | 0 |
| Gebied E ... ... ... | 15 | 0 | 0 |
| Gebied F ... ... ... | 17 | 2 | 9 |

P. W. BUYS,
Stafhoof Sentrale Hoofkwartier.


## Is Medisyne Noodsaaklik?

*Die Natuurwetenskap sê nee!*



**Die Bron van Siekte**

**BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES**
**Met Verbasende Uitslae**
**GEEN MEDISYNE!**
**GEEN OEFENINGE!**

**Die Hardnekkigste Kwale swig**

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuiwerhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.

**THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE**
**Posbus 1336 — KAAPSTAD**

**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT**
**Die Voortrekker-Apteek**
**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

**NOODHULP VIR DUITSLAND**
**DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE**
**(D.A.H.A.)**
**Ondersteun ons Taak om die Ontsettende Nood in Duitsland te Lenig.**

**ONS BENODIG DRINGEND:**

- **Fondse vir die aankoop van voedsel, klerasie en medisyne.**
- **Klerasie en skoene, nuut of gebruik, maar skoon en in goeie toestand.**
- **VET.**
- **Biltong of ander onbederfbare eetware.**

STUUR U BYDRAE, BEHALWE VOEDSELWARE AAN U PLAASLIKE NOODLENIGINGSKOMITEE VIR DUITSLAND of regstreeks aan die

**DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)**
**Bloedstraat 164, PRETORIA.** **Hoopstraat 105B, KAAPSTAD.**

**VOEDSELWARE ALLEEN AAN D.A.H.A., PRETORIA.**

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na Posbus 28, Stellenbosch, en intekengeld na **Posbus 1411, Kaapstad.**

### VERLOWING

**OLIVIER — BLOM.**—Hiermee wens ons, Sita, enigste dogter van mnr. en wyle mev. P. J. Blom, Avoka, en Jannie, oudste seun van mnr. en mev. G. J. Olivier, Outuin, albei van Sutherland, bekend te maak dat ons onlangs verloof geraak het. 2/6/1B

### IN MEMORIAM

**'n Brief aan die Agterblywendes**

**BETTIE BRITS.** — 8 Augustus 1946. — „Dit is my wens en begeerte om die laaste Fees op 8 Augustus saam met my man en kinders en al die feesvierders te vier, en ek gaan na my Heer om saam met Hom fees te vier. O, feesgangers, wat ek julle raai: Soek algar nou die Heer, sodat ons aan die einde almal saam met Hom kan fees vier. Sing Gesang 28 vers 1." 2/6/1B

### KLERK BENODIG

Vir Prokureurskantoor. Tik essensieel. Boekhou en algemene kennis van kantoorwerk 'n aanbeveling. Salaris volgens ondervinding en bekwaamheid. Dadelik. — **GORDON TOMLINSON.** 2/6/1

### BOME, PLANTE EN SAAD

**LUSERNSAAD.** — Vars saad, standaard gehalte. Doddervry. £9 per sak, 203 lb., gelewer Oudtshoornstasie. K.M.B. — **D. S. DU TOIT,** P.K. Armoed, Distrik Oudtshoorn. 14/4/TK

**GOEWERMENTSGESERTIFISEERDE** Donker Detroit Beetsaad 5/-, Chantenay Wortelsaad 7/6, Silver King Uiesaad 8/6 per lb. Posvry. Vra pryslys van **PREMIERS,** P.K. Schoemanshoek **Oudtshoorn.** 21/4/TK

**ROOSBOOMPIES, WINGERDSTOKKIES, Ens.** vir 1948-planttyd. Skryf om gratis pryslys aan LA MOTTE-KWEKERY, P.K. LA MOTTE. 18/2/TK

**UIEPLANTJIES.**—Australiese bruin, vroeë Kaapse Plat 2/6 vir 500, 4/6 vir 1,000, £1/10/- vir 10,000. Posvry. K.M.B. — **G. HUMAN,** Posbus 11, **Springfontein.** 2/6/2B

### GEMENG

**GRAFSTEENMAKERS.** — Vir gewaarborgde tevredenheid tree in verbinding met die **S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.** van Voortrekkerweg 360, Maitland. (Onder persoonlike aandag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telefone—5-4420 en 5-02823.

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK.

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, **Kaapstad.** 3/12/11.

**MEUBELS** — Ons sal u huis of kantoor volledig Meubileer teen billike maandelikse paaiemente. Spesiale kortings vir kontant bestellings. Skryf om ons volledige katalogus met pryslys. Ook in voorraad: Draadlose, windlaaiers, linoleum-vierkante van 6 vt. breedte vir kombuis, aluminiumkastrolle in stelle van 3, ens.— **UNIKA MEUBELS (EDMS.) BPK.,** Victoriaweg 171, Woodstock. 12/11/TK.

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### PLAAS TE KOOP

BABANANGO-AREA. 1,000 morge groot, uitstekende bees- en skaapplaas, volop water, swartwattelbas, goeie woonhuis, ens. Prys £2/15/- per akker. Doen aansoek by **VOORSLAG (EDMS.) BPK.,** Posbus 1411, Kaastad. 5/4/TK

### TE KOOP

**BOERE, AANDAG!** — Uitverkoping van voorraad nuwe klere en skoene, asook tweedehandse militêre klere, elke Saterdagoggend by **NICK NEETHLING,** Lady Greystraat, **PAARL.** Foon 1253. 12/5/TK

### TE KOOP AANGEBIED

Enige hoeveelheid dag-oud kuikens dadelik verkrygbaar. Australorps £7, Leghorns en Kruis teen £6 per 100. K.B.A. of K.M.B. Waarborg sterk kuikens.

Kuikens word gebroei van henne wat uitgesoek is deur eienaar wat alreeds twintig jaar ondervinding en 'n groot sukses van hoenderboerdery gemaak het. — **H. R. MALAN,** „Weltevrede Pluimveeplaas," P.K. Kerstfontein, **PAARL.** Foon 6203. 14/4/TK

**KORTHORING-BULLETJIES.** — Vyf Melkras-Korthoringbulletjies, 18 maande oud, een skimmel, 4 rooies (een waarvan die horing klein doodgebrand is). Vader baie beroemde stoetbul, moeders uitstekende hoë graad koeie met hoë melkproduksie. Almal gebrand en geskik vir diens. Tarkastad-stasie gelewer. — **S. BEKKER,** Kleinfontein, **Tarkastad.** 2/6/2B

**TAFELAARTAPPELS.** — Heerlike vars Graad I Tafelaartappels teen 20/- per sak, 150 pond. V.O.S., Bethlehem. Tevredenheid gewaarborg. Leë sakkies terug. — **S. W. RABIE,** Kommandant, Bus 328, Bethlehem. 5/5/TK

### SOUT TE KOOP

**BOEK** u bestellings vir vroeë aflewering sodra sout verkrygbaar is: A1, £4; No. 1, £3/15/-; No. 2, £3/10/-, per ton; 100 pond fyn bottersout 6/-, vrygelaai Soutwerke. Bestel: **Komdte. mev. MARTIE VENTER,** P/sak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 5/5/TK


## Pretoria-Mark

## PRINSLOO EN VENTER

**MARKAGENTE**

**Van der Waltstraat 268**
**Posbus 361 - Foon 2-2208**

**PRETORIA**

**(Mede-eienaar en Bestuurder: J. P. BOTHMA)**

●

**Garansie van £2,500 by die Staat**

●

**Probeer ons vir beter diens!**

***SKRYF OM GRATIS***
***★ ETIKETTE***
***★ MARKVERSLAE***
***ENS.***


## TWEE OUD-GEÏNTERNEER-DES AS L.V.'S.

Gedurende vyf oorlogsjare het veldm. Smuts en sy regering om en by die duisend Afrikaners deur die interneringskampe gesleep bloot omdat hulle eerbare Afrikaners was wat gekant was teen sy imperialistiese beleid om Suid-Afrika op die Britse altaar te lê.

**Verlede week het hierdie onreg veldm. Smuts ingehaal toe twee oud-geïnterneerdes, mnr. D. P. van Heerden (Pretoria-Wes) en mnr. S. H. Eyssen (Heidelberg, Tvl.) as lede van die volksraad verkies is terwyl veldm. Smuts 'n neerlaag gely het in sy eie kiesafdeling.**

Mnr. Van Heerden het 'n meerderheid van 139 behaal en mnr. Eyssen het met 1,752 stemme ingekom. Albei hierdie setels was voorheen setels van die Verenigde Party.

Was dit nie vir die ongelukkige vertroebeling op Brakpan waar mnr. John Vorster met twee stemme uitgeval het nie, dan was daar vandag drie oudgeïnterneerdes in die volksraad.

## Werf Nou!

**Volkseenheid binne die partystelsel is nie moontlik nie omdat die partystelsel gegrond is op die beginsel van verdeeldheid; dit eis minstens twee partye. Om die standpunt van die O.B. by die volk te laat insink, moet elke lid van die Ossewabrandwag 'n intekenaar werf op ons blad. Doen dit nou en bring u partylose ideaal nader aan verwesenliking.**

## Verbod Op Amptenare

**Mnr. S. Roelofse, George, skryf:**

Kan u my asb. deur middel van u blad 'n antwoord gee op die volgende twee vrae:

1. Wanneer verval die verbod van O.B.-skap vir amptenare in die staatsdiens?

2. Is O.B.-lede en lede van die Boerejeug geregtig om aan te sluit by 'n militêre eenheid?

(1. Die verbod op staatsamptenare dat hulle nie lede van die O.B. mag wees nie, is vervat in een van die duisternis noodregulasies. Gedurende die afgelope sitting van die volksraad is 'n wet aangeneem om die noodregulasies wat eintlik op 30 Junie a.s. moes verval het, nog ses maande langer van krag te maak. Dit sal dus tot die end van die jaar van krag bly. Die nuwe regering sal nou oor die toekoms van die regulasies moet besluit.

2. Talle O.B.'s het al gedien in militêre eenhede vir opleiding. Aangesien die Staande Mag egter as 'n afdeling van die staatsdiens beskou kan word, sal die verbod op O.B.-lidmaatskap daar ook geld. Maar ook ten opsigte hieryan sal dit nou afhang van wat die nuwe regering se houding gaan wees.)

## Kommuniste Stig Onrus In Finland

'n Politieke krisis het die afgelope week in Finland ontstaan as gevolg van die uitsetting van 'n Kommunistiese lid van die Finse kabinet. Duisende werkers onder aanvoering van die Kommuniste het begin staak en die toestand het gevaarlik geword.

Die krisis is beëindig toe die Finse president twee Kommuniste in die twee vakante kabinetsposte aangestel het. Kommunis Kilpi is aangestel as minister van binnelandse sake en Kuusinen as minister sonder portefeulje.

## Het 54 Kinders en Die Rekord

'n Man in Bogota, Columbia, maak daarop aanspraak dat hy die meeste kinders in die wêreld het. Hy het so pas sy 54e kind laat doop. Dit is sy vierde vrou. By haar het hy reeds tien kinders.

Die Chinese rekord staan op 40 kinders. Tien jaar gelede is berig dat genl. Yang Sen die vader is van 40 kinders. In Brittanje is die rekord 30 kinders. Hulle vader was 'n inwoner van Nottingham.

## Dit Verdeel Ons

Die partypolitiek is die organisering van 'n deel van die volk teen 'n ander deel van die volk — dus 'n onderlinge georganiseerde stryd van broer teen broer. Roei hierdie euwel in ons volkslewe uit deur nou intekenare op ons blad te werf sodat ons teenstanders ingelig kan word oor wat werklike volkseenheid in 'n Volksbeweging beteken.

# OUDGEVANGENES EET SAAM OP POTCHEFSTROOM

**Die Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes het op 19 Mei 'n gesellige funksie op Potchefstroom gehou in die vorm van 'n dinee in die Queen's-hotel. Die eggenotes van verskeie van die oud-gevangenes was ook aanwesig.**

Ons het verder die voorreg gehad om die Ere-President van ons bond, dr. Hans van Rensburg, in ons midde te hê. Ongelukkig was mev. Van Rensburg weens 'n misverstand nie aanwesig nie, berig genl. F. J. Labuschagne van Potchefstroom.



**Prof. Labuschagne.**

Dit was vir algar baie aangenaam en bemoedigend om die K.G. as ere-gas met ons te hê. Ons het ook prof. Dirk van Rooy en mev. Van Rooy uitgenooi, hom as Voorsitter van die Grootraad van die O.B., maar ongelukkig het hy ongesteld geraak aan influensa en kon alleen mev. Van Rooy die ete bywoon. In geheel was daar 32 aansittendes. Ons het 'n hele paar kamerade van elders kon verwelkom, bv. Van Biljon van Bloemfontein, Eric Kaiser (oud-Potchefstromer) van Heilbron, albei met hulle vrouens, Bredenhann (Atta Turk) en Bennie Keulder van Parys, Vale Ferreira van die Vrystaat. Afwesig was: Chris Neethling (weens die dood van sy vader), die twee broers Naas en Hannes Prinsloo, Coert van der Walt en mnr. Kerling van Oberholzer..

Die volgende is die Potchefstromers wat, behalwe prof. Labuschagne, ook aanwesig was:

Prof. dr. H. G. Stoker, mnre. B. C. Schutte, H. G. Steyn, G. B. S. Pasch, J. A. L. Taljaard, Dawie Schoeman, J. Claassens, A. Stander (Ampie), Kosie Stander, L. M. Snyman, E. J. G. Norval, M. J. de Beer, G. L. Brits, W. J. W. Dedekind.

Elke kameraad het sy eie ete moes bekostig, maar wat oor was, sou na die Noodhulpfonds gaan.

Volgende jaar hoop ons om die funksie, moontlik in 'n ander vorm, op groter skaal te vier. Algar het getuig dat dit 'n aangename en vrugbare aand was. Dit was bemoedigend om weer die ou kameraadskap te hernuut en te verlewendig.

## Het U Al 'n Intekenaar Gewerf?

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van........................................
vir die eerste..............................maande.

NAAM: ..........................................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: ..........................................................................
..........................................................................
..........................................................................

..........................................................................
*Handtekening.*

Intekengeld: 10/- per jaar of 5/- per halfjaar.
*Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.*


## HET U AL KENNIS GEMAAK MET VUURSLAG?

**Vanaf April word hierdie bladjie in 'n netjiese klein formaat gedruk.**

●

***STOF VIR OUD EN JONK!***

●

**Intekengeld: 3/6 PER JAAR**

●

**Bestel van:**

***Boerejeughoofkwartier,***
***Bus 1059,***
***PRETORIA.***

DIE Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 2 JUNIE 1948

# „HUGENOOT"

**Onlangs is die Hugenote-monument te Franschhoek onthul en was die woord „Hugenoot" weer baie op ons lippe. Min van ons weet egter dat die Franse vlugtelinge selfs hierdie woord as 'n beledigende uitdrukking beskou het, al gebruik ons dit vandag sonder uitsondering met die grootste eerbied en agting.**

„Hugenoot" was dan ook oorspronklik 'n skimpnaam wat opsetlik gebruik is om die Franse protestante te bespot. Dit het eers algemeen in gebruik gekom lank ná hulle vlug na ander lande, want selfs die Rooms-Katolieke het besef dat die betrokke persone, veral die edelliede, nie so 'n spotnaam verdien het nie.

Regulasies wat verbind is aan die Edik van Nantes, verbied also die openbare gebruik van skimpname vir die Protestante, o.a. „hugenoot". Die naam waarby hulle hulself altyd genoem het, was „Gereformeerdes".

### AFLEIDINGS

Daar bestaan uiteenlopende verklarings vir die afleiding en oorspronklike betekenis van „Hugenoot", en geleerdes is dit glad nie eens watter een nou juis die korrekte is nie.

Die oudste verklaarders (1566) beweer dat die woord afkomstig is van 'n uitlating van 'n monnik van Touers in 'n preek. Die gespuis van die stad het naamlik altyd snags vergaderings gehou naby een van die stadspoorte, genoem „Hugot se toring" (vernoem na Koning Hugo). Omdat die protestante ook noodgedwonge snags moes vergader, het die monnik hul dus minagtend Hugotte genoem, wat dan later 'n algemene spotnaam sou geword het.

Hoewel hierdie verklaring deur 'n tydgenoot verstrek word, word dit vandag nie meer as baie betroubaar aanvaar nie.

### HUGO CAPET

Ander navorsers vertel dat die Hugenote hierdie naam vir hulself gegee het en dat dit afgelei is van Hugo, wat vernuf beteken. Hulle was ten gunste van die koninklike huis van Bourbon omdat dié regstreeks van Hugo Capet afgestam het in teenstelling met die huis van Valois.

Hierdie afleiding is egter te betwyfel aangesien die Hugenote nooit self hierdie naam gebruik het nie.

### KABOUTERS

„Huguet" was ook 'n populêre benaming vir 'n kaboutermannetjie wat snags verskyn, die samelewing lastig val, en die gek skeer met die priesters. Sommige beweer dus dat „Hugenoot" daarvan afgelei is, veral omdat hierdie seksie mense ook in politieke verwikkelinge beland het.

Andere is weer die mening toegedaan dat die naam afkomstig is van Bezancon Hugues, 'n Protestantse voorvegter uit Geneve afkomstig.

Dr. C. L. Leipoldt wys daarop dat Franse kookboeke reeds voor 1570 die woord „Huguenote" ken, as sien op „'n kookpot sonder voete of met baie lae voete"; later dra dit ook die betekenis van 'n tiggelsteen voor die vuurherd. Al is die toepassing van hierdie verklarings vandag nie duidelik nie, moes onthou word dat 'n bynaam dikwels sy oorspronklike betekenis lank oorleef.


### „BONDGENOTE"

Die afleiding wat vandag egter meestal aangeneem word, is dat „hugenote" 'n verminking is van die Duitse woord „Eidgenossen" („Bondgenote"). Hiervan sou die Franse bv. eers „eignots" en dan „huguenotes" kon maak.

## Laat Hom Inteken

**Die volk is ryp vir die gedagte wat die O.B. in die boesem van die volk ingedra het. Help nou om daardie idee nou vir goed te laat posvat. Die volk is moeg vir verdeeldheid en die ou instellings. Die O.B. kom met nuwe gedagtes en nuwe metodes. Maak die O.B. sterk deur te help dat u teenstander kennis neem van u standpunt. Laat hom inteken op die O.B.-blad.**

**ONTHOU!!!**



**WAT?**

*UNIALE BOEREJEUG-LAERTREK!*

**WAAR?**

**By Voortrekkermonument**

**WANNEER?**

*DESEMBER 1949*

*wanneer die monument onthul word*

**VIR WIE?**

**ALLE BOEREJEUGLEDE BO 12 JAAR**

***Hierdie volksfees mag niemand mis nie!***

★ **'n Boerejeuglaer is net die plek om die tyd in te vertoef!** ★

**Hou nou reeds hierdie laer in gedagte en berei jul daarop voor!**

## WIE KAN SÊ

1. Watter Goewerneur aan die Kaap het die bynaam van „die boomplanter" gehad?
2. Wie was die moeder van Karel IX wat hom opgesweep het teen die Hugenote en uiteindelik die St. Bartolomeusnag veroorsaak het?
3. Die eerste slagoffer van die St. Bartolomeusnag, 24 Aug. 1572.
4. Watter beroemde proklamasie is uitgevaardig deur Hendrik van Navarre waarin hy godsdiensvryheid geskenk het aan die Protestante?
5. Wie het dit weer herroep en so die ontvlugting van die Hugenote genoodsaak?
6. Noem die name van 'n paar skepe wat die eerste Franse Hugenote na Suid-Afrika gebring het.
7. Wie was die predikant van die Franse Hugenote by hul aankoms uit Frankryk?
8. In watter distrikte het die Hugenote hulle hoofsaaklik gevestig?

# DIE VAMPIER

**(Deur 'n Boereseun)**

Nieteenstaande daardie lang, dun, wrede lippe, regopstaande neusvel, skerp glinsterende tande, genadelose oë en lang, spitspuntige ore, is die dier tog stil en geruisloos in sy optrede, en word sy prooi selde deur sy aanwesigheid gewaarsku.

Die bloedsuiende vampier is in werklikheid 'n vlermuis. Vlermuise is die enigste soogdiere wat vlerke het en kan vlieg, maar vorm op hulself 'n groot onderafdeling wat weer honderde soorte omvat. Nieteenstaande hul algemene bekendheid, ontleen die diere hulle egter aan besondere interessante studie vanweë hulle eienaardige leefwyse en aanpassings.

Alle soorte vlermuise word in twee subgroepe ingedeel, t.w. die vrugtevreters en die insektevreters. Alhoewel die benaming van die sub-groepe 'n sterk aanduiding van die voedinggewoontes is, kry ons tog uitsonderlike afwykings. So is daar sommige wat af en toe nie hul lus vir bloed kan weerstaan nie, ander wat soms vleis vreet, en selfs semi-kanibale word aangetref!

Die Vampier, of bloedsuiende vlermuis, het besondere aanpassings vir sy sonderlinge leefwyse. Die boonste voor- en slagtande is groot en besonder skerp, terwyl die maaltande, wat natuurlik nie nodig is nie, swak ontwikkel is. Deurdat sy tande so skerp is, kan die vampier uit sy slagoffer bloed suig sonder dat die prooi dit agterkom. Vir hierdie doel word 'n horisontale „skeermessnytjie" in die vel van die slagoffer gemaak, waardeur talle van haarvaatjies stukkend gesny word.

Omdat sy maaltye onseker is, is die bloedsuier se maag sakvormig verleng, sodat baie voedsel ingeneem kan word, om dan later tydsaam verteer te word.

Meesal word die prooi bloeiend agtergelaat, maar dit is blykbaar omdat die slagoffer paniekerig word en vlug. Indien die bloedsuier die nodig tyd gegee word, sal sy speeksel die bloed stop wanneer hy klaar is. Sy geliefkoosde bytplek op die perd is net op die rug waar die saal sit, terwyl by die mens die groottoon na beweer word aangeval word — dis blykbaar die deel wat gewoonlik onder die kombers uitsteek!

Die vlermuise se vlerke bestaan hoofsaaklik uit 'n dun, sterk membraan wat aan die „voorarm" en „vingers" geheg is en daardeur opgehou word wanneer die dier vlieg. Die agterbene wat kort is, dien ook as 'n aanhegplek vir die membraan agter. Om die dier te help om vas te klou as hy sit, het die duim 'n skerp uitgroeiseltjie aan, terwyl die agterbene ook van kloue voorsien is. Die vlermuis kan baie vinnig, sterk en goed vlieg, en is vir baie voëls in dié opsig voor.

## *Vir Die Dogters*

# Maklike Koekreseppies

En hoe het dit gegaan met verlede week se piesangpoedings? As julle die aanwysings mooi gevolg het, het dit seker baie lekker gekom en sal Moeder nie beswaar hê as julle aanbied om Saterdagoggend 'n bietjie klein koekies vir die huis te bak nie.

Hier is baie maklike en tog heerlike reseppies wat julle kan probeer:

### KLEIN KOEKIES

**Bestanddele:**

1 lb. botter (of ½ lb. botter en ½ lb. vet)
2 koppies suiker
1 lb. meel
1 lb. mielieblom (maizena)
sout
2 geklopte eiers
2 teelepels vanilla
2 teelepels bakpoeier
melk.

**Metode:**

1. Smelt botter (vet), en suiker baie goed op stoof.
2. Laat effens afkoel (nie te veel nie) en sif dan meel, mielieblom en sout in.
3. Voeg eiers en vanilla by, en laaste die bakpoeier.
4. Maak aan met melk tot 'n goeie bestandheid, (dit is taamlik styf — vra vir Moeder as julle nie seker is nie).
5. Rol uit en druk af met vormpies of rol in bolletjies en druk dan plat met die vleishamer.
6. Bak in 'n matige oond tot 'n baie lig bruin.
7. As dit afgekoel het, sit twee-twee koekies aanmekaar met konfyt of vulsel.

Van hierdie resep kry 'n mens heelwat koekies. As julle vir afwesseling op 'n volgende keer iets anders wil probeer, toets dan gerus hierdie klapperkoekieresep uit — dit gaan baie gou en is so eenvoudig. Julle sal sien daar kom glad nie meel in nie, dus is dit feitlik 'n kruis tussen 'n koekie en 'n lekker! Dis egter 'n bietjie duur vanweë die baie eiers, en daarby gebruik dit ook taamlik suiker, sodat ons nie te veel op 'n slag sal kan bak nie.

### KLAPPERKOEKIES

**Bestanddele:**

3 eiers
6 onse suiker
9 onse klapper
sout.

**Metode:**

1. Klits die eiers goed.
2. Meng met suiker, sout, en Klapper.
3. Rol in bolletjies en bak in warm oond tot dit effens bruin word bo-op.

Kom, dogters, ons gaan op allerlei maniere vir Moeder in die huis help en so tegelyk ook self meer van huishouding leer. As julle daarvan hou dat ons vir julle gereeld in „Die Boerejeug" sulke reseppies en wenkies plaas, skryf dan vir ons, en as julle self wenke kan stuur i.v.m. huisskoonmaak, kookkuns, of naaldwerk, sal ons bly wees. Rig die briewe aan: Mej. L. Roos, De Klerkhuis, P.U.K., Potchefstroom.

Hou ook Mei-maand se VUURSLAG dop vir handige lekkergoed-reseppies!

(Volgende keer 'n paar aandgeregte.)

### 'N WENK VIR DIE BOEREDOGTER

Hou altyd koerantpapier, geskeur in gerieflike groottes, byderhand in die kombuis. Mens kry dit nodig op 101 maniere, bv. om groente op te skil (en nie 'n bord vuil te maak nie), om vetterige kastrolle mee uit te vee, om oor die tafel te sit as ons wil koek bak, om oor die brood en koek in die oond te sit, ens.

### ANTWOORDE OP „WIE KAN SÊ?"

1. Simon van der Stel.
2. Catharina de Medici.
3. Gaspard de Coligny.
4. Die Edikt van Nantes.
5. Lodewyk XIV.
6. Voorschooten, Borssenburg, Oosterlandt, Berg China, Schelde, 't Wapen van Alkmaar, Zuid-Beveland.
7. Pierre Simond.
8. Franschhoek, Paarl, Wellington, Stellenbosch.

# Kandidate Wat Hand Van O.B. Gevat Het

**Vyf-en-dertig kandidate van die H.N.P. wat voor die verkiesing vrede met die Ossewabrandwag gesluit het, het die verkiesing tegemoet gegaan met die volle ondersteuning van die Ossewabrandwag en sy masjinerie en nie minder nie as 28 van hierdie kandidate wat die steun van elke nasionale Afrikaner geniet het, het as oorwinnaar uit die verkiesing gekom. Vier ander kandidate het op 'n late stadium mondelinge versekerings van vriendskap teenoor die O.B. gegee, met die gevolg dat daar aansienlike verwarring in die kiesafdelings ontstaan het. Hierdie kandidate het ook almal die paal gehaal, hoewel nie alle O.B.'s gestem het nie.**

Die H.N.P.-kandidate wat vroegtydig skriftelike of bevredigende mondelinge ondernemings teenoor die Ossewabrandwag gegee het, is die volgende (die sterretjie voor hul naam toon aan dat hulle gewen het):

*Mnr. J. H. Fouché, Rustenburg.
*Mnr. Tom Naudé, Pietersburg.
*Mnr. J. H. Klopper, Vredefort.
*Mnr. S. H. Eyssen, Heidelberg, Tvl.
*Kol. J. Wilkens, Ventersdorp.
*Mnr. A. Steyn, Kroonstad.
Mnr. B. J. J. van Rensburg, Vasco.
*Maj. P. W. A. Pieterse, Heilbron.
*Mnr. P. J. Hugo, Paarl.
*Mnr. J. H. A. Abraham, Groblersdal.
*Mnr. A. I. Ludick, Lichtenburg.
*Mnr. D. C. S. Grobler, Marico.
*Mnr. D. J. Mostert, Witbank.
*Mnr. T. J. Frates, Koedoespoort.
*Mnr. Jan Wilkens, Klerksdorp.
*Mnr. W. H. Fourie, Baberton.
Mnr. B. J. Seyffert, Sunnyside.
Dr. J. H. Loock, Vereniging.
*Ds. J. F. van Schoor, Soutpansberg.
Mnr. J. H. Gertzen, Edenvale.
*Mnr. G. P. Brits, Losberg.
*Mnr. D. P. van Heerden, Pretoria-Wes.
Mnr. J. C. McCord, Pretoria-Stad.
*Prof. A. I. Malan, Gezina.
Dr. G. W. Eybers, Pretoria-Oos.
Mnr J. C. Louw, Caledon.
*Mnr. D. C. Uys, Bredasdorp.
*Mnr. S. E. Warren, Swellendam.
*Kol. J. L. Döhne, Frankfort.
*Mnr. P. J. Olivier, Kuruman.
*Mnr. J. H. Conradie, Cordonia.
J. H. Basson, Boksburg.
*Dr. N. Diederichs, Randfontein.
*W. C. du Plessis, Standerton.
*J. E. Potgieter, Brits.

## Verwarring In Sommige Gevalle

Die H.N.P.-kandidate wat ter elfder ure mondelingse ondernemings van vriendskap teenoor die O.B. gegee het, maar wat nie alle lede van die Ossewabrandwag in die betrokke kiesafdelings bevredig of bereik het nie, is:

Mnr. P. Roos, Stellenbosch.
Mnr. S. M. Loubser, Malmesbury.
Dr. A. J. Stals, Ceres.
Dr. T. E. Dönges, Worcester.


Al vier het ingekom.

In hierdie betrokke kiesafdelings het baie lede van die O.B. die versekerings van hierdie kandidate as bevredigend aanvaar en gaan stem, terwyl andere nie daarmee tevrede was nie.

**A.P.-KANDIDATE**

Verder het die tien kandidate van die Afrikanerparty die volle steun van die Ossewabrandwag geniet. Wat spontane geesdrif, vertroue, en eensgesindheid kan doen, is bewys deur die feit dat 9 van hierdie kandidate die oorwinning behaal het. Mnr. John Vorster van Brakpan wat ook deur die O.B. ondersteun is, maar nie die amptelike steun van die H.N.P.-leiding geniet het nie, het ongelukkig met twee stemme uitgeval.

# NEDERLAAG



**Vir genl. J. C. Smuts moet die nederlaag wat hy verlede week by die stembus gely het as 'n harde slag kom. Dit volg op die nederlaag wat sy ideale gely het in die afgelope oorlog. Sy idee van Britse imperialisme is besig om te sterf, terwyl sy geloof aan 'n wêreldvrede, wat in die verlede egter op onreg gebou was, in duie gestort het. Genl. Smuts verskyn hier saam met die Brit Anthony Eden by geleentheid van die wêreldkonferensie in San Francisco kort na die Duitse nederlaag.**

## PALEISVERSORGERS STAAK




**1,300 vakmanne wat die Britse paleis en die Britse parlementshuis in orde hou, het onlangs gestaak omdat hulle te min betaal word. Vir die versorging van die paleis van die Britse koning ontvang hulle minder as £20 per maand. Hulle is hier in aantog na die Britse parlementshuis om hul klagte by lede van die parlement te lug. (Nie so lank gelede nie het die bediendes van die paleis ook gestaak om hoër lone. Nadat hulle 'n vakbond gevorm het, is daar aan hulle eise voldoen).**

**Blykbaar ag die Britse regering die instandhouding van die koning se paleis en die parlement nie meer werd as £20 per maand nie.**

## Lig Hulle In


**Die vyande van die Ossewabrandwag sal opnuut op hom toeslaan en hom probeer uitdelg soos hulle die afgelope jare sonder sukses probeer doen het. Die Ossewabrandwag kom nou met mening. U kan krag by hierdie beweging sit deur die enigste amptelike persorgaan van die O.B. sterk te maak. As elke leser net een intekenaar werf is ons krag verdubbel om die vyand se verdraaiings teen te werk. Help om daardie wanvoorstellings teen die O.B. die nek in te slaan deur intekenaars op ons blad te werf.**

# Ons Verheug Ons Dog Einddoel Is Nog Nie Bereik Nie

**In onderstaande verklaring oor die uitslag van die verkiesing vertolk die Gebiedsleier van Gebied A, genl. dr. F. D. du Toit van Zyl, die gevoel van O.B.-lede in die suide.**

Ons verheug ons dat Smuts verslaan is. Daarmee het 'n einde gekom aan die Botha-Smuts tradisie van gedienstigheid aan die oorwinnaar.

Ons is dankbaar vir 'n Afrikaner-oorwinning. Lank ge-



Genl. dr. Van Zyl

noeg was ons volk in die wildernis.

Van die eerste geleentheid wil ek dan ook gebruik maak om my dank uit te spreek aan die O.B.-lede wat gedurende die jongste verkiesing hul plig-te uitgevoer het in die gees wat ons K.G. verlang het. **Dit was om samewerking te bewerkstellig.** Die gevolg was 'n Afrikaner-oorwinning in baie kiesafdelings.

**NOG NIE AL**

Moet egter nie dink dat ons einddoel hiermee bereik is nie. **'n Veel groter mate van samewerking tussen Afrikaners, afgesien van hul politieke partylojaliteit of taal, is nodig om die oorwinning te bestendig. En dit bly die vernaamste taak van die O.B.**

Daarbenewens durf die O.B. nie verswak in sy strewe na 'n Republiek nie. Eers wanneer die bande met die Empire heeltemal verbreek is sal ons tevrede voel dat almal in hierdie land die heil van Suid-Afrika alleen sal soek.

Dus lede van die Ossewabrandwag, draer van Volkseenheid en van die Republiek, hande aan die ploeg slaan om u taak af te handel!

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.